

Dinsdag 4 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:5

Van dood in die sonde na lewend in Christus!

“Die mens is eintlik maar goed.” “Kyk hoeveel wonderlike dinge kan die mens doen en het ons al vermag.” Hierdie is frases en gedagtes wat ons baie gereeld hoor. Dit is die stem van die tyd wat ons beleef. Daar waar ons kyk, sien ons hierdie idee. Die mens is inherent goed, so sê die wêreld vir ons.

Dit is daarom opvallend dat die Hervormers vanuit die Skrif hierdie stukkie goud geleer het dat die mens nie van nature goed is nie. Dit is wat ons ook vanuit Efesiërs 2 gelees het. Ons het gelees hoe die apostel Paulus die staat van die onwedergebore mens verkondig. Hy sê deur die leiding van die Heilige Gees drie dinge: Ons was dood, ons was slawe, ons was verdoem.

Hoor weer die eerste woorde van vers 1: *“Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes.”* Dood, absoluut sonder lewe. Geestelik dood, ’n mens kan sê ’n lewende lyk. Ja, ons het nog geloof en gepraat en gewerk. Maar daar was nie lewe nie. Lewe is om in ’n verhouding met God te leef, en as daardie verhouding ontbreek, dan kan daar geen lewe wees nie, slegs dood.

Dit is die feite waarmee ons gekonfronteer word. Die mens is soos wat hy gebore word, en voordat hy bekering of wedergeboorte gesmaak het, ’n vyand van God. Iemand wat dood is in die sonde, iemand wat God en sy naaste haat.

Nou word hierdie donker prentjie nie vir ons geskilder om ons totaal moedeloos te maak nie, maar om teen hierdie donker agtergrond die heerlijkheid van ons verlossing des te helderder te laat deurbreek. Daarom gaan Paulus dadelik hierop voort en hy sê: *“Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.”* En dan gaan hy voort om oor ons verlossing te praat.

Daarom is dit suiwer goud om hierdie leerstuk te leer ken: Eers as jy onomwonde jou ellende buite Christus erken, kan jy werklik verstaan wat hierdie woord beteken: GENADE.

Sing: Psalm 107-1:1, 4

Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)